# 'N LEWENSKETS VAN EERWAARDE FRANS MOTAU

Hierdie lewenskets van ons geliefde Evangelis is geneem uit 'n beskrywing deur homself opgestel op versoek van Direkteur Brennecke. Dit begin by vanmelewe voordat Pretoria gestig is.

In daardie dae het die Boere en die Zoeloes ooreengekom om teen die Sothos van kaptein Moletši te veg, en het hulle hulle ook oorwen, en hulle beeste en kinders weggevoer. Die Zoeloes het die beeste geneem terwyl die kinders, seuns en dogters, aan die Blankes uitgedeel is sodat hulle op die plase grootgemaak kon word en die bediendes van hulle base kon wees. Twee kinders uit hierdie groep, 'n seun en 'n dogter, is aan 'n sekere Boer, Flip Minnaar, gegee wat 'n plaas gehad het naby waar nou die stasie Edendale is. Aan die seun het die baas die naam Hektor gegee en hy moes beeste en lande oppas; die meisie het hy Salfie genoem, maar die nie-blanke bediendes wat baie van haar gehou het, het haar Moeder-van-die-kos genoem, want dit was sy wat vir hulle kos gekook het. Hierdie baas was saggeaard en goedhartig. Daarom, toe baie van die ontvoerdes weggeloop het huis toe omdat hulle base wreed was, het hierdie twee gebly tot hulle oud was. Dis toe dat hulle getrou het volgens hul eie volksgebruike. 'n Stok is op die grond neergesit en het hulle altwee, bruid en bruidegom, daaroor gespring om daardeur aan te toon dat hulle die jeug ontgroei het en dat hulle 'n nuwe lewe begin het as man en vrou in een werf.

Dit was in hierdie tyd dat Pretoria gestig is deur President Pretorius wat deur die Sothos Kgokonyane, 'n soort voëltjie wat graag koring vreet, genoem is. Na 'n paar jaar het die wat ontvoer was, op die plaas in die omgewing verneem dat 'n predikant wat aan die naturelle die Woord van God leer, in Pretoria aangekom het. Dis toe dat Hektor en sy vrou hulle baas gevra het om ontslaan te word. Hy het toegestem en toe het hulle na Pretoria verhuis waar Hektor in die diens van ene Struben getree het. Sy huisie het op die plek waar die Hoofposkantoor nou is, gestaan. Hier is 'n seunskind aan hulle gebore wat die 29ste Desember 1867 gedoop is deur Eerwaarde Knothe. (Die kind is die 27ste April 1866 gebore.) Sy vader was toe reeds gedoop maar sy moeder was nog in die kategisasieklas en is eers in 1871 gedoop. Hierdie seun was die man wat ons ken as Frans Motau. Weens die groei van die dorp het Timotheus en Martha—dis die name wat sy ouers by die doop gekry het—daarna weggetrek na Du Preezhoek waar daar vandag 'n spoorwegstasie is. Eerw. Knothe het sy huis gehad in wat vandag Visagiestraat heet. Ook die kerkie en skool was in Visagiestraat. Die onderwyser was Josef Kgogontsho. Dis hier waar Frans en sy broer Filippus hul eerste skoolonderrig ontvang het. Die pad skool toe en terug huis toe was in daardie dae gevaarlik weens die leeus en ander ongediertes wat

in die bosse om die dorp was. Jakkalse en blesbokke en springbokke en ander soorte wild was volop in die veld.

In daardie tyd is baie van die wat ontvoer was, ontslaan en het hulle Pretoria toe gekom; hulle het hulle daar gaan vestig en hul huise het die hele dorp rond gestaan. Dis toe dat eerw. Knothe vir hulle die plaas Frischgewaagd (nou Boomstraat 100) gekoop het. Die ouers van Frans het ook soontoe getrek. Die kerk en skool en huis van die onderwyser was nog in Visagiestraat en die inwoners van Boomstraat het Sondae soontoe gegaan en gedurende die week hulle kinders, om daar die Evangelie en mooi gewyde liedere van ons kerk te leer. Die klas het vol geword van mense wat gedoop wou word en die gemeente het uitgebrei.

Toe eerw. Knothe verplaas is na Wallmansthal toe, het 'n nuwe sendeling gekom, eerw. Grünberger. In 1879 is 'n groot kerk en 'n nuwe skool in Boomstraat gebou en die sendeling het in 1880 sy nuwe huis daar ingewy.

Die 9de Mei 1880 is die vader van Frans deur die dood weggeroep nie lank nadat eerw. Grünberger na die sinode by Botšhabêlô[1)] gegaan het nie met Frans en 'n ander seun, sodat dié twee die kweekskool daar kon bywoon. Terwyl hulle daar was, is hierdie seun deur 'n wa getrap en is hy dood en het Frans hom in sy allenigheid betreur. God het hom gehelp om sy onderrig te voltooi en hy en oorlede Job Thôke het hul eksamen geslaag. Die eksaminatore was eerw. Nauhaus, Trümpelmann en drie ander. Frans is daar by Botšhabêlô werk gegee in die skool en in die gemeente. Maar in 1887 het eerw. Grünberger 'n wa gestuur om hom terug te neem Pretoria toe. Hy het die 17de Januarie 1887 daar in die skool begin onderrig gee. Buiten dit het hy en meester Willem Geel hul sendeling bygestaan in die gemeente, die tronk en in die drie klein gemeentetjies in die omgewing, nl. Bekane, Kalkberg en Irene.

Toe eerw. Grünberger sy werk as sendeling in 1890 neergelê het om die predikant van die Duitsers in Pretoria te word, het eerw. Sack in sy plek gekom. Daarna het die sendingwerk vinnig uitgebrei. Die buitegemeentes het vermeerder. Die buitegemeentes wat hulle besoek het, te voet, te perd of met die trein was die volgende: Kaalfontein, Randjieslaagte, Emmaus, Knoppieslaagte, Brakfontein, Jukskeirivier, Krokodilrivier, Kalkberg, Jordaansplaas, Laboratorium, Onderstepoort, Eersterust, Lady Selborne en Holfontein. Toe eerw. Sack van 1903 tot 1904 verlof gekry het om Duitsland toe te gaan, het eerw. Hoffmann sy plek ingeneem in Pretoria. Die werk van God was bo verwagting geseën. Eerw. Motau is die werk gegee om die heidene wat gedoop wou word, te bearbei. Hul getal was werklik groot. Op een dag van die Here gedurende die jaar is 99 grootmense gedoop.

Eerw. Motau is die 20ste Oktober 1907 te Edendale saam met die evangeliste Johannes Nkwane en Timotheus Ranyabu ingeseën as predikant.

Sy samewerking met eerw. Sack was vir 48 jaar lank tot die ou heer

sy diens weens ouderdom neergelê het. Maar eerw. Motau het voortgegaan en was die regterhand van eerw. Leue, Baumbach en Kramer-hulle.

Die beskrywing van sy lewe het ons ou vader met hierdie woorde afgesluit: „Vandag (Oktober 1950) is dit 13 jaar dat ek saam met eerw. Papke hier in Pretoria werk. Die werk vorder nog altyd. God is nog met ons in sy genade. Hy gee ons liggaamlike en geestelike krag sodat ons blymoedig kan werk. Ons dank God met die woorde van die psalmdigter Dawid en sê: „Loof die Here, my siel en vergeet geen een van sy weldade nie."

Dr. J. BAUMBACH.

Hiermee ons dank aan eerwaarde dr. J. Baumbach vir sy toestemming om hierdie stuk te plaas nadat dit reeds in die sendingtydskrif **Tshupa-Mabaka A Kereke** (1952) verskyn het.

In ons volgende uitgawe verskyn die eerste in 'n reeks uittreksels uit die oorspronklike kroniek van Wallmannsthal.

---

1) Botšhabêlô—„Toevlugsoord"—naby Middelburg (Tvl.)

---

# Enige Mededelings

## i. v. m. die Geskiedenis van twee Erwe en 'n Straat

deur H. M. REX

IV.

In 'n vorige artikel het mnr. Rex daarop gewys dat die aankoop van die oostelike helfte van erf No. 382 (411) noodsaaklik was vir die oprigting van die goewernementsgebou. Die noordwestelike gedeelte van erf No. 411 is uiteindelik in 1921 aan die stadsraad verkoop. Daardeur het die geleentheid ontstaan om Parliamentstraat in sy huidige wydte en toestand te bring. In hierdie artikel gaan mnr. Rex na wat van die restante westelike gedeelte van erf No. 411 geword het. **Die redakteur wil graag ook hiermee ons stadsvaders se aandag vestig op die slotaanmerkings wat die skrywer maak t.o.v. 'n moontlike huldiging van die twee argitekte Wierda en van Rysse.**

Soos alreeds vantevore vermeld, het dit by die ontwerp van die Goewermentsgebou geblyk dat die inrit—die pilare met die balkon—die grens van Erwe Nos. 412 en 411, sou oorskry en inbreuk sou maak op die terrein van die kerkplein. Toe met die bouery van die Staatsgebou 'n aanvang gemaak is, het die Kerkraad van die Ned. Herv. of Ger. Gemeente van Pretoria dadelik beswaar aangeteken en hulle ook op die Hooggeregshof beroep om die Regering te verhinder om met die voorgestelde bouery